Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Diensvoordele

Verwysing: 20190308-2640
Lêernommer: 3/3/2/4/4
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0017/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en vakbonde

Kort opsomming: *Die omsendbrief stel die prosedure vir die ontkoppeling van die behuisingstoelae aan eggenote binne die staatsdiens.*

**ONDERWERP: DIE ONTKOPPELING VAN DIE BETALING VAN BEHUISINGSTOELAE AAN EGGENOTE BINNE DIE STAATDIENS**

1. **Inleiding**

1.1 Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad (SDKBR) Resolusie 1 van 2018, gedateer 08 Junie 2018, ondersteun die ontkoppeling van behuisingstoelae waar albei eggenote staatsdienswerknemers is.

2. **Implementering**

2.1 Die eggenote, van werknemers op salarisvlak 1 tot 5, wat ook in diens van die staat is, sal met ingang van 01 September 2018 in aanmerking kom om 'n huiseienaarstoelae te ontvang.

2.2 Die eggenote, van werknemers op salarisvlak 6 tot 12, wat ook in diens van die staat is, sal met ingang van 01 September 2019 in aanmerking kom om 'n huiseienaarstoelae te ontvang.

2.3 Neem kennis dat slegs daardie Beroepspesifieke Dispensasie (BSD)-werknemers en werknemers op salarisvlakke 11 en 12, **wat nie op die pakket van die totale koste vir die maatskappy** is nie, vir die betaling van 'n behuisingstoelae kwalifiseer.

3. **Kriteria om in aanmerking te kom**

3.1 Die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) het op 10 Julie 2018 bevestig dat die Behuisingsbepaling wat op 10 Oktober 2012 oor die kwalifiserende kriteria uitgereik is, steeds van toepassing is. Werknemers moet kennis neem van die volgende vereistes:

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2000 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

3.1.1 Die werknemer se naam moet op die titelakte verskyn.
3.1.2 Die huurooreenkoms moet in die naam van die werknemer wees.
3.1.3 Die Toestemming om te Bewoon (PTO)-sertifikaat moet in die werknemer se naam wees.
3.1.4 Die eggenoot se naam moet ook op die PTO-sertifikaat verskyn.
3.1.5 'n Beëdigde verklaring moet ingedien word waarin vermeld word dat die werknemer en sy of haar eggenoot en/of afhanklike kinders die huis bewoon.

3.2 Die minimum vereistes van die PTO-sertifikaat is soos volg:

3.2.1 Die PTO-sertifikaat moet op 'n briefhoof wees of gestempel word om sodoende die stamgesag te identifiseer.
3.2.2 Die stamgesag se handtekening, volle naam en van moet op die PTO-sertifikaat verskyn.
3.2.3 'n Gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument (ID) van die werknemer aan wie toestemming verleen word om 'n huis op die toegekende erf te bou.
3.2.4 Die PTO-sertifikaat moet duidelik die gedeelte van die grond/perseel, die uitbreiding, die wyk en die distrik waar dit toegeken word, aandui.

4. **Vereistes vir toegang tot die behuisingstoelae**

4.1 Klousule 4.1.4 van die SDKBR Resolusie 7 van 2015 ***meld dat alle werknemers verplig word om by die Regering se Behuisingskema vir Werknemers (GEHS) aan te sluit indien hulle van die dienste wat deur die GEHS aangebied word, gebruik wil maak***, insluitende, maar nie beperk nie tot die behuisingstoelae.

4.2 Werknemers kan op een van die volgende maniere aansluit:

4.2.1 Aanlyn by www.gehs.gov.za
4.2.2 Deur die inbelsentrum wat aansluitings hanteer, te skakel by 0861 12 34 34
4.2.3 Deur die Direktoraat: Diensvoordele te kontak om bystand te verkry

4.3 Om vir die betaling van die behuisingstoelae in aanmerking te kom, moet werknemers die Regering se Behuisingskema vir Werknemers-aansoekvorm invul en indien.

4.4 'n Werknemer sal begin om die behuisingstoelae te ontvang vanaf die maand waarin hy of sy 'n voltooide GEHS-aansoekvorm, tesame met die ondersteunende dokumentasie soos aangedui op die aansoekvorm, ingedien het.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2019-04-08